**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Saak nr: A557/2003**

In die saak tussen:

**E M KRUGER** Appellant

en

**DIE STAAT** Resondent

---

**CORAM:** BECKLEY, R *et* RAMPAI,
*et* VAN ZYL, RR

---

**UITSPRAAK:** BECKLEY, R

---

**AANGEHOOR OP:** 13 OKTOBER 2008

---

**GELEWER OP:** 30 OKTOBER 2008

---

[1] Die appellant het as beskuldigde 4 tesame met ander mede beskuldigdes voor Hancke R tereggestaan; in die geval van die appellant op 'n enkele klag van moord en in die geval van sy mede beskuldigdes, twee klagtes van moord. Aan die einde van die staatsaak is beskuldigde 5 ontslaan en aan die einde van die verhoor is beskuldigdes 1, 2 en 3 aan beide klagtes van moord skuldig bevind en die appellant skuldig bevind op die tweede aanklag van moord.

Beskuldigdes 1, 2 en 3 is in Desember 2001 gevonnis tot effektief 20 jaar gevangenisstraf en die appellant tot 17 jaar gevangenisstraf. Beskuldigdes 1, 2 en 3 het appèl aangeteken teen hul skuldigbevindings sowel as die vonnisse, en aldrie se appèl teen die skuldigbevindings sowel as die vonnisse is afgewys. Die appellant kom nou in hoër beroep teen beide die skuldigbevinding sowel as die vonnis.

[2] Die agtergrond van die gebeure wat gely het tot die klagtes is kortliks as volg:

Appellant was ‘n polisiebeampte het onder sy eggenote se naam ‘n taverne, Flintstones, bedryf. Nadat die taverne om ongeveer 5 uur die oggend van die voorval gesluit het en die appellant oppad huis toe was, het hy by ‘n verkeerskruising van Breë- en Van Collerstrate, Parys drie blanke seuns opgemerk en in die onmiddellike omgewing was ook drie swart mans. Een van die blanke seuns het hom meegedeel dat een van die drie seuns met ‘n mes gesteek is. Die drie seuns wat die appellant opgemerk het, was inderdaad sy latere drie medebeskuldigdes, synde beskuldigdes 1, 2 en 3. Die oorledene, ‘n 56-jarige swart

man, was een van die swart mans wat naby die kruising gestaan het en, vermoedelik toe hy merk dat die beskuldigdes 1, 2 en 3 sowel as die appellant en ‘n passasier wat saam met hom in sy voertuig was naamlik beskuldigde 5, vir die swart mans nader, het die oorledene asook die twee ander swart mans weggehardloop in verskillende rigtings. Die appellant het beskuldigde 5 versoek om die oorledene te gaan haal, en nadat beskuldigde 5 in die rigting van die oorledene begin hardloop het, het die appellant hom gevolg. Beskuldigde 5 het die oorledene geduik as gevolg waarvan hy geval het. Kort nadat hy geval het, het beskuldigdes 1, 2 en 3 hom begin skop en slaan.

[3] Appellant se getuienis, wat deur die Hof *a quo* verwerp is, is dat die oorledene, terwyl hy op sy maag gelê het, ‘n dreigende houding ingeneem het met ‘n mes in sy linkerhand. Die appellant het, aldus sy eie getuienis, die oorledene met die vuis in sy gesig geslaan en toe een maal op sy skouer geskop ten einde die mes van hom af te neem. Nadat die mes uit die oorledene se hand geval het, het die appellant dit weggeskop en het beskuldigde 5 die

mes opgestel en dit weggegooi. Daarna het die aanvalle op die oorledene steeds voortgegaan en is die oorledene, aldus die appellant se getuienis, herhaaldelik deur beskuldigdes 1, 2, 3 en 5 geskop en geslaan. Op 'n stadium het een van die aanvallers op die oorledene se kop gespring en daarna het die aanval steeds voortgegaan totdat iemand opgemerk het dat daar 'n voertuig oppad was, na die toneel, waarna die beskuldigdes sowel as die appellant en beskuldigde 5 weggehardloop het. Die appellant se getuienis was, voordat hy weggehardloop het, hy gemerk het dat die oorledene se klere en sy gesig erg bebloed was.

[4] Die Hof *a quo* het, soos reeds vermeld, die appellant se getuienis verwerp as synde vals. Die getuienis van ene Willem Oosthuizen, 'n ander staatsgetuie, is aanvaar en dit was op sterkte van die getuienis van Oosthuizen wat die hof die beskuldigdes sowel as die appellant skuldig bevind het.

[5] Oosthuizen se getuienis het in breë trekke die feite soos hierbo uiteengesit, bevestig. Ander tersaaklike pasasies van sy getuienis lei as volg:

Hy was destyds 'n werknemer van die appellant in die sin dat hy die musiek verskaf het by Flintstones. Hy het bevestig dat die appellant die oorledene op sy skouer geskop het en dat een van die beskuldigdes later op die oorledene se kop gespring het. Wat sekere gebeure betref nadat die aanval ten einde geloop het, sal ek later mee handel.

[6] Mnr Reinders, wat namens die appellant verskyn het, se betoog was dat die oorledene in alle waarskynlikheid die fatale hoofbesering opgedoen het toe hy deur beskuldigde 5 geduik is en, en toe hy val, hy met sy kop teen die randsteen geval het, dat die appellant op daardie stadium nog besig was om nader te hardloop, bygevolg nie op die toneel was nie, en ook derhalwe geen handeling verrig het wat kon bygedra het tot die oorledene se dood. Aldus Mnr Reinders is die appellant hoogstens skuldig aan aanranding met die opset om ernstig te beseer vanweë die feit dat hy hom op sy skouer geskop het.

[7] Dit is nie in geskil dat, terwyl die oorledene weggehardloop het, sy aanvallers wat hom agtervolg het, dit wil sê, beskuldigdes 1, 2 en 3, klippe na hom gegooi het nie. Dit is ook nooit betwis dat twee klippe in die onmiddellike omgewing vanwaar die oorledene gelê het, aangetref is waaraan daar bloed was nie. Dit is nooit in geskil geplaas dat die klippe met bloed aan die klippe was wat een van die aanvallers na die oorledene gegooi het nie. Trouens was die veroorsaking van sommige van die wonde aan die oorledene se kop deur daardie klippe wat gegooi is, die basis van vrae wat tydens kruisondervraging aan Dr Peters, wat die lykskouing uitgevoer het, gevorm het.

[8] Wat die klipgooiery betref, is die enigste redelike afleiding dat minstens twee van die klippe wat na die oorledene gegooi is, die oorledene getref het en dat hy beserings aan sy kop opgedoen het as gevolg daarvan. Mnr Reinders se betoog was egter dat, wanneer gelet word op die getuienis van Dr Peters, ‘n bevinding onafwendbaar is dat die besering wat tot die dood gelei het, een van twee moontlike oorsake was, naamlik, óf die feit dat die oorledene met sy

kop teen die randsteen geval het, en dus reeds fataal beseer was voordat die appellant by die toneel opgedaag het, óf ‘n kombinasie van die klipgooiery na die oorledene en die feit dat daar met geskoende voete op die oorledene se kop gespring is op ‘n latere stadium. Dat daar inderdaad op die oorledene se kop gespring is deur een van sy aanvallers, is nooit betwis nie en die hof *a quo* het na my mening tereg aanvaar dat dit inderdaad gemeensaak was tussen die die Staat en die verdediging dat dit gebeur het.

[9] Mnr Reinders se betoog oor die vraag welke handelinge die dood van die oorledene veroorsaak het, was dat, in die lig daarvan dat die getuienis van Dr Peters, wat die lykskouing uitgevoer het, dit meer waarskynlik is dat die oorledene die fatale besering opgedoen het toe hy met sy kop teen die randsteen geval het, en dat, indien aldus gevind word, die appellant in die posisie van die sogenaamde “laatkommer” is, aangesien hy eers op die toneel arriveer nadat die oorledene reeds op die grond gelê het, en dat die appellant bygevolg nie aan moord skuldigbevind kan word nie. Hierdie betoog is gebaseer op die beslissing wat beskou

word as die *locus classicus* van die leerstuk oor die sogenaamde laatkommer, te wete **S v MOTAUNG AND OTHERS** 1990 (4) SA 485 (A) te 485 C – D en G – I.

[10] Die getuie Oosthuizen, wie se getuienis deur die Hof *a quo* aanvaar is, was tot die effek dat hy nie in staat is om te getuig oor die plek en wyse waarop die oorledene op die grond geval het nadat hy gejaag is nie, omdat hy nie self naby daardie toneel was om dit op te merk nie. Die getuienis van die appellant sowel as die van beskuldigdes 1, 2 en 3 is verwerp, en in ieder geval nie ooreenstemmend wat betref die wyse en die plek waarop die oorledene geval het nie, en spesifiek oor die vraag of sy kop die randsteen getref het toe hy val aldan nie.

[11] Ek meen in ieder geval nie dat Mnr Reinders korrek is wanneer hy betoog dat Dr Peters se getuienis is dat die noodlottige beserings slegs of meer waarskynlik inpas met die stamp van sy kop teen die randsteen en dat dit minder vereenselwigbaar is met die feit dat hy deur klippe op sy kop getref is en dat daar op sy kop gespring is nie. Sy getuienis hieromtrent is as volg tydens sy hoofverhoor:

> "Waar 'n persoon byvoorbeeld geduik word en hy val met sy kop teen 'n randsteen, sou 'n mens hierdie beserings verwag wat u hier gekry het? - Ja, dit is moontlik, want ek het aan u verduidelik dat hy val en hy het 'n direkte besering links pariëtaal met 'n laserasie. So as hy op 'n randsteen hier val wat links pariëtaal is, dan kan kan hy 'n coup besering gekry van die linker ventrikel ja, dit kan moontlik wees.
>
> Is dit ook moontlik as daar op 'n persoon se kop gespring word dat hy dan so beseer word? – As sy kop so gelê het en hulle spring op sy kop en veroorsaak 'n laserasie in daardie gebied, dan kan dit gebeur, maar dan sal ons waarskynlik nie 'n linker ... (onduidelik) tref nie. 'n Springery op 'n kop sal nie vir jou 'n laserasie gee nie, hy sal vir jou meer eksklusiewe kneuswonde gee. Die randsteen sal vir my meer inpas as die springery. Waar dit moontlik is, die springery in 'n mate, waar goed is waarteen hy vas lê en hy beseer is deur 'n coup besering."

Dit is belangrik dat, wat hierdie gedeelte van Dr Peters se getuienis betref, hy bloot gevra is of die beserings wat hy aangetref het vereenselwigbaar is met die springery op sy kop, sonder om in aanmerking te neem dat daar klippe na hom gegooi is.

[12] Tydens kruisondervraging, namens beskuldigde 3, het Dr Peters as volg getuig:

> "So dit is moontlik as ek u reg verstaan het verbindbaar met 'n spring op die persoon se kop. ... Ek het gesê die spring of die druk."

Later in kruisverhoor getuig hy as volg:

> "Ja, wat ek by u wil weet, as hy gegooi word met 'n klip teen sy kop. ... Ja.
>
> En daar word op sy kop gespring, die beserings wat u gevind het. ... Ja.
>
> Dit vereenselwigbaar maak. ... Met ander woorde hy word gegooi met 'n klip, hy kry 'n rotasie beweging, hy val neer, 'n ou kom en hy spring bo-op sy kop.
>
> Dit is reg. ... (Onduidelik) ... Hy spring op sy kop.
>
> Kom ons kyk, ons kyk na die senario. Ek sê daar is 'n kneusing regs frontaal. Goed, hierdie ou lê, regs frontaal, dit is daar. Hy word met 'n klip hier gegooi en hier links pariataal word met die klip gegooi, hy val neer. Hy moet 'n coupe besering hê maar die coupe besering is nie pariataal nie. Dit is frontaal en om die frontale area is daar nie 'n coupe besering nie."

[13] 'n Verdere pasassie van sy getuinis lees as volg:

> "Ek sê voordat die man geval het, is hy met 'n klip gegooi en dit het die laserasie veroorsaak. ... Goed, hy is met 'n klip gegooi, waar kom die besering nou frontaal vandaan?
>
> Dit is toe hy op die grond geval het... Is dit toe hy op die grond geval het?
>
> Ja. ... En toe spring hulle op sy kop?
>
> Ja. ... Met ander woorde hy het 'n dubbelbesering van sy paretale area voor sy coupe besering.
>
> As u dit so wil stel, ja... (Onduidelik)
>
> Is dit moontlik? ... Ek probeer dink of dit moontlik is, maar ek dink dit is moontlik as hy gegooi word met 'n klip, hy kry 'n rotasie beweging wat subaragnïdale breinbloeding daar veroorsaak, hy val neer op die grond, hy kry 'n frontale besering, hulle spring op sy kop ... (onduidelik) waar die laserasie is, want die laserasie is reeds daar en daar is .... (onduidelik) het, en dit is moontlik, ja sure, ek moet saam met dit gaan, dit is moontlik."

[14] Dit is na my mening duidelik dat Dr Pieters nie getuig het dat die een weergawe oor hoe die oorledene noodlottig beseer is, meer waarskynlik is as die ander weergawe nie. Waar die een weergawe feitlik gemeensaak, is, naamlik dat die oorledene met klippe gegooi is (en dat 'n bevinding onaanwendbaar is dat hy teen die kop getref is met die

klippe) en dat een van sy aanvallers later op sy kop gespring het en die ander weergawe, naamlik, dat hy met sy kop teen die randsteen geval het, nie gemeensaak is nie, en daar geen bevredigende getuienis daaromtrent aangebied is wat aanvaar is nie, is daar niks wat in die weg staan van 'n bevinding dat die oorsaak van dood die klipgooiery en daaropvolgende spring op die oorledene se kop is nie, en dit is inderdaad die bevinding van hierdie Hof hoe daardie beserings opgedoen is. In die lig van voormelde bevinding, is dit onnodig om te beslis of die appellant 'n "laatkommer" was, aangesien hy teenwoordig was tydens die aanranding op die oorledene en inderdaad hom daarmee vereenselwig het en, selfs op sy eie weergawe, daaraan deelgeneem het.

[15] Wat die vraag betref of dit bewys is dat die appellant 'n gemeenskaplike oogmerk om die oorledene noodlottig aan te rand, gehad het, het Mnr Reinders betoog dat dit nie bewese is nie, en dat dit redelik moontlik is dat die appellant se betrokkenheid slegs was om die mes van die oorledene af te neem. Ek kan met eerbied nie met hierdie betoog saamstem nie. Oosthuizen se getuienis, wat

aanvaar is deur die Hof *a quo*, en tereg ook, maak dit duidelik dat die appellant en die beskuldigdes 1, 2 en 3 deurgaans op die toneel in mekaar se teenwoordigheid was en as 'n groep opgetree het. Die appellant se skuld, soos Mev Giorgi, namens die DOV, betoog het, moet bepaal word aan die hand van die beginsels uiteengesit in **STAAT v MADLALA** 1969 (2) SA 637 (A) tot 640F; **STAAT v SAFATSA AND OTHERS** 1988 (1) SA 868 (A) te 896G en **STAAT v MGEDEZI** 1989 (1) SA 678 (A) te 704 A.

[16] Wanneer hierdie beginsels toegepas word op die optrede van die appellant, is 'n bevinding onafwendbaar dat hy binne daardie raamwerk val, en bygevolg tereg skuldig bevind is aan moord.

[17] Voormelde bevinding is ook volkome vereenselwigbaar met sy optrede na die voorval. Daar kan, by wyse van voorbeeld, slegs na die volgende aspekte verwys word:

a) Die getuie Oosthuizen getuig dat die appellant hom wou voorsê wat om aan die polisie te sê indien hy deur die polisie genader word, naamlik, dat hy moet sê dat die appellant niks gedoen het nie en dat hy net

probeer het om die oorledene te help; die appellant het ook vir hom gesê “cover jy my en dan cover ek jou”;

b) Na die voorval bly die appellant nie op die toneel nie, maar ry na ‘n motorhawe om die polisie te skakel, en toe hy met die polisie telefonies in verbinding tree, sê hy nie dat dit hy is wat praat nie, maar verkondig leuens;

c) Later die dag na die voorval ry hy weer by die toneel verby en merk hy sy kollega, Sersant Meintjies, op die toneel op, maar hou hy nie stil en praat ook nie met Meintjies nie;

d) Selfs die volgende dag na die voorval rep hy geen woord teenoor enige van sy kollegas oor wat die oggend van hierdie gebeure plaasgevind het nie.

e) Desondanks die feit dat hy die mes afneem van die oorledene, poog hy hoegenaamd nie om die mes na die voorval te soek en te hou as ‘n bewysstuk nie.

[18] Voormelde optrede is sekerlik nie die van ‘n onskuldige persoon wat niks het om weg te steek nie, en sy optrede na die tyd mag klaarblyklik in aanmerking geneem word as

grondslag van 'n afleiding dat hy die moontlikheid gesien het dat die oorledene gedood kan word en dat hy onverskuldig daarteenoor gestaan het. (Vergelyk **STAAT v MAJOSI AND OTHERS** 1991 (2) SASV 532 (A) te 537b.)

[19] Wat die opgelegde vonnis van 15 jaar betref, het Mnr Reinders dit duidelik gemaak dat hy nie steun op enige onreëlmatigheid of mistasting nie, maar slegs daarop dat die vonnis "te swaar" is. Dat dit 'n stewige vonnis is vir 'n 24-jarige eerste oortreder, kan nouliks betwyfel word. Dit is egter nie die toets nie. Alles inaggenome, kan daar nie bevind word dat die vonnis skokkends swaar of treffend onvanpas is nie. Gevolglik is hierdie hof nie by magte om in te meng met die opgelegde vonnis nie.

[20] Bygevolg misluk die appèl en word die skuldigbevinding en die vonnis bekragtig.

**A. P. BECKLEY, R**

Ek stem saam.

______________________

**M. H. RAMPAI, R**

Ek stem saam.

______________________

**C. VAN ZYL, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. S. J. Reinders<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. S. Giorgi<br>In opdrag van:<br>Die Direkteur:<br>Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/em